

**Skriflesing:** Jes 40:18 - 31

**Fokusgedeelte:** Jes 40:31 (1953- en 1983-vert)

<b>Wag op die Here en kry nuwe krag</b>
---

### **Inleiding**

In die supermark, in die bank, by die munisipaliteit, in verskillende staatsdepartemente ... moet ons ons beurt in 'n tou afwag.

Ons kan nie meer wag dat pres Jacob Zuma sy dag in die hof kry nie. Ons wag vir die aankondiging dat hy as staatshoof herroep gaan word.

Om te wag, is onvermydelik. Dit is deel van die lewe.

Wanneer ons om uitkoms bid, verwag 'n mens die Here moet onmiddellik verhoor. Jy wil nie hoor jy moet wag nie.

Die opdrag: “wag op die Here” kom egter telkens in die Woord voor (vgl Ps 27:14, ‘53; 130:7; 131:3; ens). Ons fokusvers spel uit: wie op die Here wag, kry nuwe krag. Natuurlik is die implikasie: dit is die moeite werd om op die Here te wag. Die profeet gee redes hiervoor. Ons tema op die vooraand van die nuwe jaar is: **Wag op die Here en kry nuwe krag**. Op let op: (1) wat dit behels om op die Here te wag en (2) wat die gevolge daarvan is dat ons in vertroue op die Here wag.

### **Wat dit behels om op die Here te wag**

Die afgelope maande het ons op ekonomiese terrein verskillende krisisse beleef: staatskaping, rommelstatus, Steinhof ...; daarby nog misdad – gekenmerk deur uiterste geweld.

Sulke goed kan die vraag laat ontstaan: weet die Here wél wat sy kinders hier op aarde deurmaak? Het Hy ons nie verstoot nie? Kan Hy sy kinders se omstandighede verbeter, of moet ons maar net in ons lot berus?

Hierdie soort gedagtes het ook by die Israeliete opgekom. Vandaar Jesaja se vraag: *Waarom sê jy dan, Jakob, waarom kla jy, Israel: “Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby” (Jes 40:27)?* Jesaja sê vir Israel en vir ons: “Waarom kla jy as daar geen rede tot klagte is nie?”

Natuurlik stem ek en jy nie daarmee saam nie. Ons probleme is groot. Ons het rede om te kla.

Weet egter dit: Jesaja praat nie sommer nie. Hy dra as profeet die boodskap van die Here aan die volk van die Here oor. Jesaja sê in die Naam van die Here vir Israel en vir ons: Julle het geen rede tot klagte nie!

Die boodskap van die Here vir die mens in nood is: ... *die wat op die Here wag, kry nuwe krag (Jes 40:31, '53).*

Wat behels dit om op die Here te wag? Natuurlik verg dit van ons geduld.

Die woord *wag* in die grondtaal, dra ook die betekenis van *hoop / vertrou*. Die Israeliet in ballingskap moes op die Here vertrou; moes vertrou dat die Here sy beloftes gestand sou doen. Vandaar dan ook die korrekte weergawe van hierdie sinsnede in die 1983-vertaling: ... *dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag.*

Dit vra van ons:

- om ons nie teen ons moeilikheid blind te staar nie; om daarvan weg te kyk;
- Ons moet opkyk na God toe (:28e).

Hoe groot my en jou moeilikheid ook al is, die Almagtige God is groter as wat jou nood ooit kan wees. Ons moet in al ons omstandighede in vertrou opkyk na die Here, die Almagtige Skepper.

Hierdie *wag op die Here / vertrou op die Here* is nie 'n slag in die wind nie. Ons weet immers: *Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is (Rom 8:28).* Dit behels dat ek in al my omstandighede, wat dit ook al is – selfs in die moeilikste moontlike omstandighede, op die Here sal vertrou, my hoop op Hom sal vestig. Ek moet die vaste vertrou hê dat die Here die beloftes wat hy maak, ook sal nakom.

Ek moet geduldig wag dat Hy sy goeie doel bereik ook met en in die omstandighede wat ek op 'n bepaalde tydstip beleef.

Die Here God is my vertrou waardig. Hy het dit bewys deur sy Seun te gee om die losprys vir my sonde aan die kruis te betaal. Saam met sy Seun, gee Hy alles wat ek nodig het (*Rom 8:32*). Vertrou jy vas op God wat sy Seun vir jou gegee het?

### ***Die gevolge van in vertrou op die Here wag***

Die Here leer ons in sy Woord: As ons op Hom vertrou, sal ons nuwe krag kry. As ons krag ons in die steek laat, moet ons weet ons kan daardie gebrek aan krag verruil vir **nuwe krag, ware krag** wat ons te midde van al ons probleme staande sal hou. Wanneer ons op die Here wag, sal ons, in plaas daarvan dat ons struikel en val, al hoe sterker word.

Die **bron** van daardie krag is nie ekself nie, ook nie 'n ander mens nie. **Die Here alleen is die bron van daardie krag.**

Wil jy daarom krag hê? Gaan na die Here toe. Bid Hom om jou in jou swakheid te hulp te kom; om vir jou krag te gee: *Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie (Jes 40:29)*. Hy gee my wat dit van Hom vra, ware, standhoudende krag.

Betekén dit dat my probleme soos mis voor die son verdwyn as ek maar net op die Here wag? Nee, die Here ons God wuif nie ons probleme met 'n towerstaf weg nie. Ook die kinders van die Here kry hul deel aan die swaar van die lewe. Wie op die Here wag, op Hom vertrou, het steeds sy deel aan probleme.

So iemand kry egter wél uit die hand van die Here die krag om daardie probleme te kan hanteer.

Die apostel Paulus bevestig die waarheid met verwysing na die doring in die vlees wat hom geteister het: *Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat hy van my sou wyk. En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring (2 Kor 12:8, 9)*. Die enkele verskil tussen ons en die ongelowiges is dat die Here se krag, ondersteuning en versorging tot ons, sy kinders se, beskikking is.

Met **drie beelde** teken die Here by monde van sy profeet die nuwe krag wat óns kry wat op die Here vertrou:

*Hulle vlieg met arendsvlerke ... (Jes 40:31a)*. Met bykans geen kraginspanning van sy kant sweef die arend lank in die hoogtes. Vir ons lyk dit so maklik. Die mens wat op die Here wag, wat op Hom vertrou, sal soos 'n arend opkom uit die dieptes van sy moeilikhede, sonder dat dit hom onderkry. Hy sal met sy moeilikheid raad weet.

Die woorde: *moeg en afgemat* word drie maal in die gedeelte wat ons saam gelees het, gebruik:

- Die **Here** word *nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie (:28)*.
- Die **jongmanne** word wél moeg en afgemat (:30).
- **Dié wat op die Here wag**, word *nie moeg en raak nie afgemat nie (:31)*, omdat hulle krag put uit die krag van dié God wat *nie moeg of afgemat word nie*.

Ons bevind ons in die derde groep. Van ons sê die Here deur sy profeet: *...hulle **hardloop** en word nie moeg nie, hulle **loop** en raak nie afgemat nie (Jes 40:31b, e)*. Die woord **hardloop** verwys na 'n wedloop waarin 'n mens jouself inspan om die oorwinnaarskroon te kan dra; daardie ding wat regtig 'n opoffering verg voordat jy dit regkry. Vertrou in die Here, die Almagtige, gee jou krag; laat jou slaag.

Die **loop** dui weer op 'n mens se normale lewensgang. Die alledaagse sleur sal jou nie afrem nie. Vertroue in die Here, die Almagtige, gee jou die krag om te kan aanhou.

Die bewegings waartoe jou vertroue op die Here jou krag gee, is **vlieg, harloop en loop**. Dit raak elke faset van jou hele lewe. Die een wat op die Here wag, word nie moeg of afgemat nie. Ons sal eenvoudig, onafhanklik van ons omstandighede, deur die genade van die Here en die leiding van sy Gees, van krag tot krag gaan.

Die Here gee deur sy Gees krag – dié krag wat ons nodig het om in al ons omstandighede op Hom te vertrou. Wanneer Hy nie ons omstandighede verander nie, kan ons verseker weet: Hy gee ons dan krag om staande te bly. Elkeen van ons het mos al ondervind: die Here laat ons, ons ten spyte van ons swaarkry, tog anderkant uitkom. Hy laat ons ons swaarkry oorwin.

Laat ons daarom op die Here ons God vertrou; laat ons ons hele lewe, al ons probleme, ons ekonomiese posisie, ons alles aan die Here ons God oorlaat. Laat ons op die Here vertrou, want *dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie (:31).*

### **Slot**

Om te wag, is onvermydelik. Dit is deel van die lewe. Wanneer ons om uitkoms bid, verwag 'n mens die Here moet onmiddellik verhoor. Op Hom wil jy nie wag nie.

Die opdrag: “wag op die Here” kom egter telkens in die Woord van die Here voor (vgl Ps 27:14, '53; 130:7; 131:3; ens). Ons fokusvers spel uit: wie op die Here wag, kry nuwe krag. Natuurlik is die implikasie: dit is die moeite werd om op die Here te wag. Ons het gelet op: (1) wat dit behels om op die Here te wag en (2) die gevolge van in vertroue op die Here wag.

**AMEN**